

7 November

Skrifgedeelte: Johannes 20:26-30

Fokusgedeelte: Johannes 20:26; Heidelbergse Kategismus Sondag 13

Christus – ons Here

“En Tomas sê vir Hom: My Here en my God.”

Waarom Tomas nie die vorige Sondagaand saam met die ander dissipels vergader het toe Jesus aan hulle verskyn het nie (Joh. 20:18-25), is onseker. Dit is wel duidelik dat hy pessimisties van geaardheid (vgl. ook Joh. 14:4), en waarskynlik ook innerlik in vertwyfeling was of Jesus werklik uit die dood opgestaan het en lewe. Tomas aanvaar nie die getuienis van die ander dissipels somer net so nie. So is daar ook vandag nog twyfelaars en pessimiste wat (soms onder die dekmantel van wetenskaplikheid) nie sonder meer die getuienis oor 'n lewende Jesus Christus wil aanvaar nie, en wat hulle van die gemeenskap van gelowiges afskei.

Uit ons Skrifgedeelte is dit duidelik dat Jesus ook vir sulke mense omgee en na hulle toe uitreik. Alhoewel hulle in Jesus twyfel, twyfel Jesus nie aan hulle nie. Hy weet mos wie dit is wat aan Hom behoort. Maar, let op die volgende:

- Die plek waar Jesus na Tomas uitreik, is in die samekoms van die gelowiges. As Tomas nie daardie Sondagaand “kerk” toe gegaan het nie, het hy die ontmoeting met die lewende Jesus Christus ontbeer.
- Die inhoud van Jesus se boodskap aan Tomas is 'n konfrontasie met die tekens van sy liefde vir hom, die wonde aan sy hande en sy sy. Hy nooi Tomas uit om daarna te kyk en daaraan te vat.
- Die oproep aan Tomas is: “Moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig” (vs. 27). Geloof is dus ook 'n doelbewuste oorgawe aan die waarheid dat Jesus vir jou sondes gely en gesterf het en dat Hy die Here van jou lewe is.

Die kerk staan dus nie radeloos in hierdie eeu van onsekerheid en twyfel nie. In Geesvervulde samekomste van die gemeente, waarin die tekens van Christus se liefde op allerlei maniere prakties sigbaar gemaak word, moet ons mekaar tot 'n beslissing oproep om steeds gelowig Jesus as Here te erken en te dien.

Sing: Lied 168:1, 3

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)